## 13.9 BESKRYWINGSPUNT VANAF STREEKSINODE VRYSTAAT EN KWAZULU-NATAL – ONTWIKKELING VAN KERKEIENDOMME IN POTCHEFSTROOM (Art 67)

A. Dr PK Lourens stel die beskrywingspunt.
B. Die beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.

C. **BESKRYWINGSPUNT**

**1. Beskrywingspunt**

Dat die ontwikkeling van die GKSA se kerkeiendomme in Potchefstroom oorweeg word.

**2. Motivering**

Dit is welbekend dat die Noordwes Universiteit se Potchefstroomkampus jaar na jaar geweldig groei en daarmee saam ‘n groot geleenheid skep tot eiendomsontwikkeling in die nabygeleë omgewing.

Die eiendomme suid van die Ou Teologiese Skool (en skool self) met die kerkmuseum en Totiushuis asook die ou koshuis wat tans aan ‘n privaatskool verhuur word, moet gereeld ten duurste opgeknap en onderhou word met geld wat veral uit ramings gevorder word. Veral die ou koshuis vertoon tans nie goed nie en die tuine rondom die ander geboue steek ook af by die omgewing.

Goeie rentmeesterskap sou dalk vernuwing in denke vra en daarom vra ons dat daar besin word oor die nut, noodsaaklikheid en volgehoue finansiële haalbaarheid van (sommige/al?) hierdie geboue wat op ‘n keurterrein geleë is.

Sou daar nie moontlike ontwikkeling kon plaasvind nie op hierdie terrein wat ‘n volhoubare inkomste sou kon verseker vir ander belangrike kerklike werk.

Dit sou aan die Bestuur van die Administratiewe Buro in samewerking met die Regsdeputate en Aktuarisse en in oorleg met die Fakulteite Ekonomiese Wetenskappe, Stadsbeplanning, Argitektuur ens. aan die NWU opgedra kon word vir uitvoering daarvan met in agneming van wetlike bepalings ivm ou geboue.

**Besluit: Dat aan die beskrywingspunt nie gevolg gegee word nie.**